

Personeelkamer Opening

50. Tweede Kanse

Max Verstappen. Lewis Hamilton.

Dié twee name “trend” volstoom op Twitter sedert die dramatiese laaste paar minute van die Abu Dhabi Grand Prix 2021.

Vir jou wat dit gemis het. Vir beide Max van Red Bull en Lewis van Mercedes was dit ‘n groot dag - ‘n epiese dag vir F1-aanhangers. Vir die eerste keer sedert 1974 sou die twee aanspraakmakers met ewe veel punte vir die Wêreldkampioentitel kop-aan-kop meeding.

Deur die loop van vandag se wedren het Lewis Hamilton se voorsprong bly groei. Skielik was daar ‘n ongeluk wat genoodsaak het dat die veiligheidsmotor op die baan moes kom sodat die ongeluktoneel opgeruim kon word. Die voorsprong wat Lewis opgebou het, is geneutraliseer.

Max het dié tweede kans met beide hande aangegryp en Lewis in die laaste rondte op ‘n draai verbygegaan om na die oorwinning te jaag. ‘n Skouspel op sy beste.

Dit is wat God ook in ons lewens kan doen. Hy spesialiseer in skouspelagtige tweede kanse. Genade onbeskryflik groot.

Toepassing:

In Klaagliedere 3:21-23 lees ons: “Maar daar is een ding wat my weer hoop laat kry: die Here hou nooit op om vir ons om te gee nie. Hy bly getrou. Sy liefde het ons gespaar. Hy het gekeer dat ons heeltemal uitgewis is. ‘n Mens kan altyd op U vertrou. Elke oggend is U maar weer daar.”

As 2021 vir jou ‘n moeilike jaar was, as jy dinge of mense moes groet en as ‘n beter toekoms tans vir jou moeilik voel, kyk weer na Max op die podium.

Niks is vir God onmoontlik nie!

Geskryf deur [Benescke Janse van Rensburg](#) – Stories van Hoop